Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

DIE ONUS RUS NOU OP IEDER EN ELK OM COVID-19 IN SY SPORE TE STUIT

Suid-Afrika se minister van gesondheid, Zweli Mkhize, het op 9 Desember 2020 aangekondig dat 'n tweede vlaag COVID-19-infeksies die land getref het. Dit volg kort nadat die Wes-Kaapse Premier, Alan Winde, 'n vurige beroep op alle inwoners van die provinsie gedoen het om hul bes te doen om die onafwendbare afkondiging van nog 'n grendeltyd te voorkom en om te verhoed dat die reeds kwesbare gesondheidstelsel onder verdere druk geplaas word.

"Ons ekonomie kan dit eenvoudig nie bekostig nie. 'n Inperking sal verwoesting onder werksgeleenthede saai en die humanitêre ramp verder vererger. Kortom kan dit op die lange duur tot gevolg hê dat ons aan menselewens inboet."

Hy het 'n beroep op almal gedoen om veral die volgende sover as moontlik te vermy:

1. Plekke waar mense saamdrom
2. Nabye kontak (situasies waar dit onmoontlik is om 'n afstand van 1,5 m te handhaaf)
3. Beknopte en ingeperkte ruimtes waar ventilasie gebrekkig is.

"Sedert die aanvang van die pandemie," het hy gesê, "het ons heelwat meer te wete gekom van hierdie virus en oor hoe dit versprei.

- Alhoewel dit belangrik is om hande en oppervlakke skoon te hou, weet ons nou dat druppeltjies in die lug die meeste COVID-19-infeksies veroorsaak want mense asem druppeltjies in wat die virus bevat. Daarom weet ons ook dat sosiale byeenkomste grotendeels tot die verspreiding van die virus bydra.
- Ons het voorheen gedink oordrag begin tussen twee dae vóór en tot 14 dae ná simptome opduik. Ons kan nou met groter sekerheid sê dat die hoogste koers van oordrag binne die eerste twee dae ná infeksie plaasvind.
- Ons het voorheen gedink dat die virus hoofsaaklik deur simptomatiese volwassenes versprei word, maar ons weet nou dat dit deur mense van alle ouderdomme – kinders, tieners en volwassenes met min of geen simptome nie – versprei word. Alhoewel daar 'n baie lae risiko is dat kinders erge COVID-19-simptome sal ontwikkel, moet ons in gedagte hou dat hulle steeds die virus kan versprei na diegene wat kwesbaar is en die risiko loop om erge simptome te ontwikkel. Dit is hoekom ons almal, ongeag hoe oud ons is, ons deel moet doen om oordrag te stuit."

Aan die hand van hierdie kennis, het die departement van gesondheid praktiese "beveiligingswenke" daargestel wat almal kan volg om die verspreiding van COVID-19 in toom te hou:

- Eerder as om tradisionele vieringe/begrafnisse te hou, dink daaraan om dit virtueel te doen.
- Vermy nie-noodsaaklike samekomste (kuiertjies, sosiale en dergelike geleenthede).
- As 'n samekoms onvermydelik is, oorweeg dit om die kuiertjie of sosiale geleentheid buitemuurs te hou; so nie, maak seker dat die plek waar julle bymekaarkom goed geventileer is deur die vensters en deure oop te maak.
- Beperk die grootte van julle samekoms (meer mense = meer risiko).
- Hou samekomste kort (langer = meer risiko).
- Ongeag die omstandighede, wees snoep met jou "lug-ruimte": Handhaaf 'n afstand van 1,5 m.
- Was jou hande gereeld met seep en water of gebruik 'n ontsmetmiddel.
- As jy olik voel, bel die blitslyn by 080 928 4102 dadelik vir riglyne oor die stappe wat gevolg moet word en moenie die huis verlaat tensy jy mediese sorg moet verkry nie.
- Plaas jouself in kwarantyn wanneer jy in nabye kontak met iemand was wat positief getoets het en isoleer terwyl jy op toetsresultate wag, ook van ander lede van jou huishouding en veral diegene wat 'n hoë risiko vir COVID-19 loop.
- As jy positief toets, sorg beslis dat jy die isolasietydperk voltooi.
- Moenie iemand wat siek is, besoek nie. Vind ander maniere om ondersteuning te bied, soos om 'n maaltyd by daardie persoon se voordeur te laat.

Dit is tragies dat daar beslis 'n verband is tussen die opvlamming van nuwe gevalle en inkopiesentrums en sake-eienaars wat die basiese riglyne ignoreer.

Gegewe hierdie stand van sake, het Premier Winde onomwonde die volgende boodskap aan sake-eienaars en winkelbestuurders gerig: "Julle mag geensins kortpaaie kies met COVID-19-veiligheidsprotokolle nie en julle moet al die regulasies nougeset navolg. Ons beroep ons op julle om 'n ogie op alle saamkomplekke te hou, want julle kan sorg dat mense reg optree wanneer hulle julle besighede besoek. Help ons om die ekonomie aan die gang te hou deur te sorg dat julle personeel en klante deurentyd beveilig word."

Winde het toegegee dat hy baie besorg is oor die Wes-Kaapse gesondheidsplatform wat toenemende druk ervaar.

"Ons moet seker maak dat almal gesondheidsorg kry wanneer hulle dit nodig het. Om daardie rede is dit nodig dat elke persoon in die Wes-Kaap nie net help om 'n inperking te verhoed nie maar ook om te verseker dat daar genoeg beskikbare beddens in ons hospitale is vir diegene wat daardie beddens nodig het.

Soos uit gebeure in Europa en elders in die wêreld blyk, kan 'n opvlamming van die pandemie daartoe lei dat die gesondheidsorgsituasie blitsvinnig verswak, en juis daarom doen ek 'n beroep op lede van die publiek, sakeondernemings en ander organisasies om oortredings van COVID-19-protokolle dadelik aan te meld sodat ons spanne tot aksie kan oorgaan."

Oortredings van COVID-19-regulasies kan met behulp van 'n aanlyn klagtevorm gerapporteer word wat beskikbaar is by https://coronavirus.westerncape.gov.za/covid-19-business-safety-complaint-form. So nie, skakel *134*234# om nienakoming ten opsigte van openbare vervoer te rapporteer.

Vir COVID-19-gesondheidsverwante navrae, bel die provinsiale tolvrye blitslyn: 080 928 4102.

TWEE RAADSLEDE MET ERETITEL VEREER

OVERSTRAND VERLEEN RAADSHEERSTATUS AAN TWEE RAADSLEDE: Hier verskyn Munisipale Bestuurder Dean O'Neill (links), Raadsheer Riana de Coning, Burgemeester Dudley Coetzee en Raadsheer Kari Brice.

*Let asseblief daarop dat maskers vir hierdie foto afgehaal is.

Ten tyde van die laaste Raadsvergadering in 2020 wat op 25 November gehou is, het Munisipaliteit Overstrand die eretitel raadsheer aan twee van sy raadslede, Kari Brice en Riana de Coning, verleen.

Hierdie titel word aan 'n raadslid toegeken vir lofwaardige diens wat met verloop van tyd gelewer is en word gegrond op krediete wat toegeken word vir die aantal jare diens as raadslid en addisionele krediete vir voorsitterskap van 'n wykskomitee of burgemeesterskomitee en/of vir diens gelewer as speaker, uitvoerende onderburgemeester of uitvoerende burgemeester.

Overstrand het laas in 2016 raadslede met hierdie eretitel vereer.

KRY JOU MUNISIPALE REKENING VIA E-POS

Inwoners word aangemoedig om te registreer om hul rekeninge per e-pos te ontvang deur só 'n versoek aan enquiries@overstrand.gov.za te rig.

As u meer as een rekening het, hoef u nie dieselfde versoek weer te stuur nie. U kan bloot die ander rekeninge by u oorspronklike e-posversoek voeg.

Rekeninge moet op die laaste teen die 20ste van elke maand vereffen word. Betaal rekeninge asseblief betyds ten einde invorderingsgelde, rente, verhoogde deposito's en die beëindiging en/of beperking van dienste te verhoed.

Elektroniese oordragte mag nou wel baie gerieflik wees, maar ekstra omsigtigheid moet aan die dag gelê word wanneer u die verwysingsnommer of rekeningnaam invoer.

As u een betaling vir verskillende rekeninge maak, spesifiseer (per e-pos) hoeveel vir die vereffening van elk van die rekeninge bestem is.

Wanneer 'n agterstallige rekening vereffen word, maak asseblief seker dat ons van die korrekte inligting voorsien is:

- **die bedrag wat u betaal,**
- **Munisipale rekeningnommer.**

Inwoners kan hul munisipale rekeninge by Munisipaliteit Overstrand se kantore vereffen sowel as by kruidenierswinkels, via die Pay@- en Easy Pay-stelsels en by wyse van elektroniese oordragte en ander beskikbare aanlyn bankdienste.

Gebruik altyd u rekeningnommer as verwysing wanneer u 'n betaling maak.

As u nie u rekening teen die 10de ontvang het nie, kontak asseblief 'n kliënte-diensbeampte by u naaste betaalkantoor (Kleinmond (028 271 8400); Hermanus (028 313 8000); Stanford (028 341 8500) en Gansbaai (028 384 8300), of rig enige navrae rakende munisipale rekeninge aan enquiries@overstrand.gov.za of besoek u naaste munisipale kantoor om u rekeningbesonderhede te verifieer.

Let daarop dat die rekeninge-afdeling nie verantwoordelik gehou kan word vir verkeerde betalings wat deur buiteverskaffers gemaak word nie.

Die bankbesonderhede vir Overstrand se rekeningbetalings is as volg:

Nedbank-rekeningnommer:	1190136899
Tipe rekening:	Lopende rekening
Universele takkode:	198765
Tak:	Inland Garden Route

(Let asseblief daarop dat hierdie die korrekte verwysing vir Munisipaliteit Overstrand is.)

SWIFT-kode:	NEDSZAJJ

Voorafbetaalde elektrisiteit:

Voorafbetaalde elektrisiteit (koopkrag) kan aanlyn (home.ontec.co.za) of op u selfoon (laai die toepassing via Play Store af) gekoop word. Indien u enige hulp benodig, bel Ontec by 0861 220 244 of e-pos servicedesk@ontec.co.za.

Koopbewyse vir voorafbetaalde elektrisiteit is beskikbaar by Pick n Pay, Checkers en Spar sowel as by motorhawens (Engen) en verskeie ander handelaars.

ERVAAR FERNKLOOF VEILIG

Met sy sestig kilometer van onderlingverbinde wandelpaaie, is die Fernkloof-natuurreservaat eweneens 'n paradys vir kranige voetslaners en natuurliefhebbers.

Openingstye gedurende die somer is van 06:00 tot 19:00 en 'n beroep word op alle besoekers gedoen om asseblief by hierdie tye te hou.

Veiligheidswenke:

- Programmeer noodnommers op jou selfoon voordat jy die pad vat.
- Moenie alleen stap nie.
- Gun jouself genoeg tyd.
- Vertel iemand watter roete jy gaan volg en hoe laat hulle jou moet terugverwag.
- Dra 'n hoed of pet en gebruik 'n sonskerm in die somer. Die weer kan vinnig en onverwags verander.
- Moenie afwyk van die goed gebruikte kontoerpaadjies nie.
- Neem altyd genoeg water saam, veral in die somer, en ietsie om te eet in geval van 'n oponthoud.
- Neem 'n ten volle gelaaide selfoon saam.
- 'n Wandelstok kan 'n stappie vergemaklik. Sulke stokke kan by die besoekersentrum geleen word.
- Bespreek 'n toerismeveiligheidsmonitor om jou op jou stappie te vergesel. Hierdie monitors is beskikbaar op 'n komplimentêre basis van 08:00 tot 16:00 op weeksdae. Rig asseblief 'n e-pos aan infomanager@hermanus.co.za of capewhalecoast@overstrand.gov.za om 'n afspraak met een van hierdie gidse te reël.

Ons herinner jou graag aan daardie kontaknommers van die onderskeie nooddienste wat jy dalk op jou foon moet invoer:

- 028 312 2400 in geval van 'n brand, vloed of mediese noodgeval
- 028 313 8980 vir sekuriteit- en veiligheidsverwante kwessies
- 028 313 8996 vir alledaagse klagtes oor wetstoepassing

Grotto se Blou Vlag wapper tot Pase

Burgemeester Dudley Coetzee, onderburgemeester Elnora Gillion, rdl. Kari Brice, munisipale bestuurder Dean O'Neill en Blouvlagkoördineerder Lauren Rainbird in die geselskap van beskermingsdienste-personeel, munisipale beamptes, Blouvlagstrandwagte en ander belanghebbers

Hawston, Kleinmond en Castle Beach se Blouvlagseisoen kom op 17 Januarie 2021 ten einde, maar in die geval van Grotto word dié seisoen tot 31 Maart 2021 verleng.

Vir die duur van die seisoen sal lewensredders daagliks vanaf 09:00 tot 18:00 aan diens wees en sal dit vir mense wat met gestremdhede saamleef moontlik wees om gedurende hierdie ure van strandrolstoele gebruik te maak.

Grotto is een van slegs twee strande in Suid-Afrika wat daarin kon slaag om sy Blouvlagstatus vir 20 opeenvolgende jare te behou. Ten tyde van die vlaghysseremonie wat op 1 Desember 2020 gehou is, het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, spesiale erkenning verleen aan die omgewingskundige, Leon Steyn, vir sy merkwaardige bydrae tot hierdie prestasie. Sedert die bekendstelling van die program tot en met sy aftrede vyf jaar gelede was hy die dryfkrag agter Overstrand se Blouvlagstrande.

Die Blouvlagprogram bied baie voordele: verbeterde toerismefasiliteite, verbeterde bestuur van kus-ekosisteme, verhoogde bewustheid van die kus en kapasiteitsbou vir kusmunisipaliteite.

"Onder toesig van Overstrand se tuinboukundige en Blouvlag-koördineerder, Lauren Rainbird, is daar heelwat tyd en hulpbronne bestee aan die voorbereiding van ons fasiliteite ter afwagting van besoekers vir die 2020/21-seisoen," het Coetzee gesê, "en ek wil haar bedank vir haar geesdrif. Alhoewel dit heelwat kos om 'n Blouvlagstrand in stand te hou, glo Overstrand dat dit ge-oorloof is om só 'n belegging aan te gaan want ons gee om vir ons inwoners en besoekers en beywer ons graag daarvoor om hulle van fasiliteite van hoogstaande gehalte te voorsien".

Meer oor die Blou Vlag

Ter verbetering van sy strande en kuslyn, werk Munisipaliteit Overstrand ten nouste saam met WESSA (Suid-Afrika se natuurleweverenigingi) wat namens die departement van toerisme toesig hou oor die implementering van die Blouvlagprogram.

Om Blouvlagstatus te behaal, moet daar aan tot soveel as 33 kriteria voldoen word wat betrekking het op vier aspekte van kusbestuur: water-gehalte, omgewingsopvoeding, omgewingsbestuur en veiligheidsdienste.

REGISTREER OP OVERSTRAND SE SMS-DATABASIS

Rekeninghouers kan van die munisipaliteit se SMS-databasis gebruik maak om hul selfoonnommers te registreer sodat hulle kennisgewings kan ontvang, soos

- Noodgevalle, bv. veldbrande, vloede en verkeersprobleme;
- Geskeduleerde onderbrekings waartydens munisipale elektrisiteit- en waternetwerke instandhouding of herstelwerk sal ondergaan, uitgesonder onderbrekings wat deur Eskom beheer word.

HOE OM VIR DIE MUNISIPALITEIT SE SMS-DIENS TE REGISTREER:

Rig asseblief 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za of kontak 'n kliëntediensbeampte by jou naaste betaalpunt as jy die SMS-diens wil aktiveer. Gebruik asseblief u munisipale rekeningnommer as u verwysing.

KLEINMOND:	Vyfde Laan 33, Kleinmond; 028 271 8400
HERMANUS:	Magnoliastraat, Hermanus; 028 313 8000/8111
STANFORD:	Queen Victoria-straat 16, Stanford; 028 384 8500
GANSBAAI:	Hoofweg, Gansbaai; 028 384 8300

• Jou kontakinligting sal as vertroulik hanteer word en sal nie aan ander partye openbaar gemaak word nie.